LUG JOU MENING

Die Wysigingswetsontwerp op die Bevoegdhede, Voorregte en Immuniteite van die Parlement en Provinsiale Wetgewers [B 18 - 2018] (Nasionale Vergadering - artikel 75).

Oproep om skriftelike voorleggings

Die Gekose Komitee oor Veiligheid en Justisie nooi belanghebbendes en belangstellende persone uit om skriftelike voorleggings oor die **Wysigingswetsontwerp op die Bevoegdhede, Voorregte en Immuniteite van die Parlement en Provinsiale Wetgewers** [B 18 - 2018] (Nasionale Vergadering - artikel 75) in te dien.

Die **Wysigingswetsontwerp op die Bevoegdhede, Voorregte en Immuniteite van die Parlement en Provinsiale Wetgewers** [B 18 - 2018] (Nasionale Vergadering - artikel 75) poog onder meer om:

- **die Wet op die Magte, Voorregte en Immuniteite van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, 2003, te wysig ten einde as sulks 'n omskrywing te wysig;**
- **voorsiening te maak daarvoor dat die inhegtenisneming en verwydering, op bevel van 'n voorsittende beampte, van 'n persoon wat enige stoornis op die perseel skep of aan sodanige stoornis deelneem, nie op 'n lid van toepassing is nie;**
- **te bepaal dat 'n provinsiale wetgewer die keuse mag uitoefen om óf 'n staande komitee aan te stel óf 'n ad hoc-komitee te stig ten einde tugstappe teen lede van 'n provinsiale wetgewer vir minagting van daardie provinsiale wetgewer te hanteer;**
- **te bepaal dat die Speaker van 'n provinsiale wetgewer beheer en gesag oor die perseel namens daardie provinsiale wetgewer uitoefen.**

Skriftelike voorleggings moet teen **nie later nie as 9 November 2018** ontvang word.

Versoeke om afskrifte van die Wetsontwerp, skriftelike voorleggings en navrae moet gerig word aan mnr G Dixon, Gekose Komitee oor Veiligheid en Justisie, Derde Vloer, Kantoor 133, Pleinstraat 90, Kaapstad, 8001 of per e-pos gestuur word aan gdixon@parliament.gov.za of na 086 658 9371 gefaks word.

Uitgereik deur Agb SG Mthimunye, LP, Voorsitter: Gekose Komitee oor Veiligheid en Justisie.